Fakulteit van Ingenieurswese

RIGLYNE VIR DIE AANWYS EN GOEDKEURING VAN EKSAMINATORE VIR DOKTORALE STUDENTE

(LL/10 Okt 2006)

Die volgende dien as riglyne vir die aanwys en goedkeuring van eksaminatore vir PhD en DIng studente.

1. Die eksamenkommissie vir die evaluering van PhD- en DIng-proefskrif moet as volg saamgestel word:

    a. onafhanklike voorsitter van eksamenkommissie (aangestel deur voorsitter/dagbestuur van departement);

    b. minstens een interne eksaminator, en

    c. minstens **twee eksterne eksaminatore** (verkieslik vanaf **oorsee**), **OF**

    d. drie eksterne eksaminatore in plek van b en c.

2. Die interne eksaminator kan enige permanente of tydelike personeellid aan die Universiteit van Stellenbosch wees.

3. Buitengewone professore en dosente asook emiritus professore en dosente kan dien as interne eksaminatore (hulle mag egter nie dien as eksterne eksaminatore nie).

4. Interne en eksterne eksaminatore moet op die stadium wanneer hulle aangewys word, oor ’n doktorsgraad beskik.

5. Daar moet ten alle tye gepoog word om eksaminatore aan te wys wat kenners is op die spesifieke vakgebied wat ge-eksamineer word.

6. Interne en eksterne eksaminatore moet onafhanklik wees, en mag nie by die beplanning en uitvoering van die navorsing van die kandidaat betrokke gewees het nie.

7. Eksaminatore word voorgestel deur promotors (**wat vooraf sal bepaal of hy/sy beskikbaar is**) en aanbeveel deur Departementele Vergadering/Departementele Bestuurskomitee waarna dit op die Fakulteitskomitee dien vir aanbeveling na die Fakulteitsraad. Hier word dit goedgekeur en gestuur aan die Senaat vir finale goedkeuring.

8. Eksaminatore word amptelik ingelig oor hulle aanstelling deur die Fakulteitsekretaris.

9. Daar mag onder geen omstandighede tydens die eksamineringsproses kommunikasie tussen student, promotor/mede-promotor en die eksaminatore plaasvind nie. Die kandidaat word ook nie ingelig oor wie sy eksaminatore is nie.

10. **Daar moet gepoog word om ten minste een eksterne eksaminator aan te wys wat teenwoordig kan wees by mondelinge eksamens**.